
## NOTA VIR DIE LEWENSWETENSKAPPE ONDERWYSER/TOESIGHOUER

**Die Lewenswetenskappe onderwysers en toesighouers moet hierdie inligting in die 45 minute voor die aanvang van die PAT deurgaan.**

Die toesighouer(s) moet die volgende assesseer en aanteken.

- **Volg instruksies:**
  Vyf holtes gemaak soos opdrag gegee (soos in Figuur A onder); A, B, C, D op papier geskryf in korrekte volgorde; E in die middel van die petri-bakkie gemaak.

**Figure A**




- **Prosesvaardighede:**
  Geskikte spuit gebruik (10 ml)
- **Manipulerende vaardighede:**
  10 ml oplossing korrek opgetrek in spuit

Die toesighouer(s) moet die rubrieke wat voorsien word asook die Instruksies aan Onderwysers en Laboratoriumtegnici gebruik om die manipulasiepunte aan te teken. Die toesighouer(s) moet **óf die 0 óf die 1 in ELKE geval omkring en die totale punt uit 3 aanteken**.

Bv.

| KRITERIA | | |
|---|---|---|
| Volg instruksies | 0 | 1 |
| Prosesvaardighede | 0 | 1 |
| Manipulerende vaardighede | 0 | 1 |
| **TOTAAL** | | **(3)** |

**Wanneer die kandidate aan die einde van die 90 minute die voltooide PATe inhandig, MOET die toesighouer(s) hierdie 3 punte op die voorblad van die skrif in 'n rooi pen oordra.**

IEB Copyright © 2019